

TEMA: Bring ons vrede met God ook vreugde in God?

SKRIFLESING: Romeine 5:1-11,

TEKS: Rom 5:1,2

*God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlijkheid van God.*

Dit sou onnodig wees om op te noem hoeveel dinge in ons huidige stukkende wêreld ons van ons vrede beroof. Ons leef in 'n wolk van vrees, onsekerheid en onstabiliteit, byna op elke vlak van ons samelewing.

Tog bly ons as God se kinders voortdurend soek na vrede. Ons kan nie daarsonder leef nie. Daarom is die teksdeel in Rom 5 vir ons soos lig wat deur die donker wolke breek. Die kern van die boodskap, is dat ons vrede nie hier op aarde te vind is nie, maar by ons hemelse Vader alleen. Hierdie vrede behoort dan noodwendig vreugde in ons op te wek??. (*"Ons verheug ons in die hoop..."*). Ons verheug ons in die vrede wat Jesus deur sy versoeningsdood vir ons gegee het.

Die woorde "vrygespreek", "versoening" en "gered" dui daarop dat daar 'n onoorbrugbare kloof tussen ons en God ontstaan het deur die sondeval. Ons was sondaars en vyande van God. Hierdie breuk was en is steeds deel van die mens en is alleen deur Jesus Christus met sy kruisdood oorbrug.

*"God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo." (Vers 1a)*

*"Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. (Vers 8,9).*

*Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, nou dat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word. (Vers 10).*

Wat is die toepassing van hierdie waarhede? Alleen as ons deur ons geloof in Jesus leef, kan ons oor die kloof kom om die versoening en vryspraak van ons Vader te beleef en waaroor ons dan bly kan wees.

Die 1e geheim lê in die wonderwerk wat God in ons doen, nl... om te kan glo. Dit beteken om sonder rassionele verstaan, logiese beredenering, bewyse oor waarom beproewings oor ons kom, vas te hou en oortuig te wees van die waarheid dat God altyd goed is en altyd almagtig is. Ook dat Hy altyd sy beloftes nakom. Die belofte van redding en vrede sal waar wees en waar bly. Daarom vind ons vreugde hierin.

Die 2e geheim lê daarin om werklik in en deur Jesus te leef. Dit beteken, ek leef elke oomblik met die wete dat Jesus my laat leef. Waar ek leef, saam met wie ek leef, hoe ek met mense om my leef. Jesus bepaal wat ek sê, hoe ek praat. Hy rig al my besluite en my dade. Niks is om my ontwil nie, maar alles om Jesus wil. Ek verloën eie geregtigheid.

Ten slotte 'n paar reguit waarheistellings waarmee ons onself kan ondersoek en oor nadink.....

- *As jy nie 'n sterk en lewende verhouding met Jesus Christus het nie, kan daar nie vrede tussen jou en God wees nie!*
- *Alleen as jy iets van Jesus se oorbrugging van die kloof wat ons tussen ons en God veroorsaak het, verstaan, sal ons vrede met God kan hê! (Vrede beteken, rus, stilte, harmonie).*
- *Daar is fout in jou verhouding met God, as jou vrede in Hom nie spontaan ware vreugde bring nie!*
- *Ek sal net vrede met God beleef as ek al die valse vredesoekers in my lewe weggooi! (Valse vredesoekers is al my eie goed waaraan verslaaf aan vashou om vrede te soek).*

Is dit so? Hoekom lyk Christened an so beswaard en ongelukkig en onvriendelik? Wanneer bring vrede met God vreugde in God? Wat is die geheim van die vrede? Wat beroof ons van die vreugde in die vrede? Dit lê in een woord: Eie geregtigheid. Vers 1b gee die geheim. Die vrede kom net deur JC. Daarvoor moet ek eers myself en wat kan bereik en hoe vroom ek is...verloën. Alleen as ek myself aan JC oorgee, sal ek vrede met God hê.

Dit beteken, ek leef elke oomblik met die wete...JC laat my leef. Waar ek leef, saam met wie ek leef, hoe ek met mense om my leef. Jesus bepaal wat ek sê, hoe ek praat. Hy rig al my besluite en my dade. Alles is nie om my ontwil nie, maar om Jesus wil. So bid ons mooi.

Ek sal net vrede met God beleef as ek al die valse vredesoekers in my lewe weggooi. Opoffer. Ook my wil om te verstaan, om alles te wil weet. Ja, dit is die 2e sleutel vir die toegang tot vrede met God. Vers 1a en 2. Deur ons geloof. Geloof is die teenoorgestelde as verstaan. Geloof is om iets as waar te aanvaar en in te berus sonder antwoorde wat verklaar. Hebr 11:1\*.

Vrede met God is 'n geskenk van God. Ek gryp dit met geloof. Jesus het dit aan my gegee. Dieselfde hande wat die bittere lydensbeker, vol van God se oordeel moes vat en drink. Dieselfde hande wat vir my deurboor is, handig die vrede met God aan my oor. Nou is JC se geregtigheid, regverdigheid voor God, my regverdigheid (vrede). Hierin moet ek rus, berusting kry. Sonder verstaan, net glo en eie maak. Ja die geskenk van Jesus in verlossing is meer onverstaanbaar as die waarom oor beproewings in my lewe. Daarom het ek vrede met God.

Geloof is om te rus in God...= vrede met God.

Kan ons nou sien...laastens, daar is fout in ons verhouding met God, as ons vrede in Hom nie vreugde bring nie. Na 'n kyk na die diepte en die geheim, hoe kan die vreugde uitbly? Gebeur dit in vers 2b\* met ons? Weens die vrede en vryspraak,...verheug ek my in die hoop op die heerlikheid, die EL?

Ek het ewige vrede. God vat dit nie more weer weg nie. Ek het dit ewig, vir die ewige lewe. Wat beroof ons van vreugde? Vrees! Wat bring vrees?...twyfel. Wie bring twyfel...die duiwel. Wyk Satan! God verander nie soos die hemelligte nie. Jak 1:16-18\*.

Wat God gee en doen is ewig. Daarom kan ons Hom glo. Daarom kan ons Hom vertrou. Gryp die sekerheid vas en glo dit. God sê so!

Jak 1:5-8 gee ons opdrag. Om vreugde te vind in die vrede wat God gee. Hy gee aan almal wat hom ernstig daarvoor bid. \*. Bid met geloof en nie twyfel nie. Hy sal altyd hoor en verhoor.

Juis in moeilike tye, beproewings. (Vers 3-5). Moenie val in ongehoorsaamheid. Dit bring twyfel. Skyngeloof bring twyfel. Gebrek aan gemeenskap en gereelde omgang met God elke dag, .. bring twyfel. Hou die vrede vas wat jy reeds deur Christus ontvang het. Hou JC vas en jy hou die vreugde, die blydskap vas. Want jou toekoms is vas en seker. Kom ons geniet die hoop daarop.

Kan ons die vreugde oordra na ons kinders? Blydskap oor JC en oor sy kerk? So sal hulle die geheim van vrede met God ontdek. Ons moet dit aan hulle skenk. Ons het belowe. So ook aan almal op ons pad? Mag jou vrede en vreugde aansteeklik skyn.

AMEN